

15 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 46

Fokusgedeelte: Jesaja 46:3, 4

God dra ons in die ouderdom

Die besondere betekenis van hierdie woorde van die Here verstaan 'n mens eers as jy dit vergelyk met die twee voorafgaande verse. Daarin kom dit duidelik na vore dat afgode – in die vorm van beelde wat van hulle gemaak word – *deur die mense gedra word*. As mense hulle nie dra nie, bly hulle net waar hulle is. Om hulle te dra, is 'n swaar werk wat die lewe vir jou moeilik maak. Daarteenoor word ons God nie deur ons gedra nie; intendeel, *Hy dra ons*. Juis daarom is dit so treffend dat die Here sê dat Hy wat ons van ons geboorte af gedra het, ons ook heel besonderlik in ons ouderdom en grysheid sal dra.

Die Here ken die probleme van die ouderdom by sy kinders: liggaamskragte wat verswak, 'n geheue wat 'n mens in die steek laat, eensaamheid as jou lewensmaat nie meer daar is nie en nog baie meer. Dit is so 'n groot troos as die Here aan ons sê: “Ek weet dit alles baie goed. Onthou net dat ek jou spesifiek ook in die ouderdom met sy probleme dra.” Omdat die Here ons so in sy liefde elke dag dra, moet ons nie van ons sorg en probleme afgode maak deur dit self te probeer dra nie. Nee, ons moet dit alles aan die Here oorgee dat Hy dit vir ons dra. Petrus sê immers (1 Pet 5:7): “Werp al julle bekommernisse op Hom (die Here), want Hy sorg vir julle.”

Omdat Christus aan die kruis al ons sondes weggedra het, is God elke dag vir ons 'n Vader wat ons dra, vertroos en bemoedig deur sy Woord en Heilige Gees. Uiteindelik dra Hy ons ook dwarsdeur die dood heen die ewige vreugde binne. Moet dan nie bang wees vir môre nie, maar sien uit na nog 'n dag waarin die Here jou sal dra.

Sing: Psalm 68:9 Prof PJ de Bruyn (emeritus)